

## Gereformeerde Kerk Bellville – 23 Augustus 2015 – aand

**Sing vooraf staande:** Psalm 8:3, 4 (p. 31)

- 3 As ek, o HEER, u nagtelike hemel / daarbo aanskou, die tint- en glansgewemel;  
hoe, deur U toeberei, die skugter maan / met stille gang oor sterrevelde gaan –
- 4 wat is die mens dan dat U hom gedenk het, / die mensekind wat U so ryk beskenk het!  
Met eer en heerlikheid is hy gekroon, / skaars minder as die eng'le om u troon.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 104:1, 2, 20, 21 (p. 510)

- 1 Waak op, my siel, en loof die HEER! / My God, U is uitnemend seer  
verhewe in u majesteit, / U is bekleed met heerlikheid:
- 2 u mantel is van sonneglans, / u troongewelf die bloue trans;  
die solderwerk van u paleis / is in die wolke, hooggehys.
- 20 Ek wil terwyl ek lig geniet, / Gods grootheid sing in psalm en lied.  
En die oorpeinsing van my gees – / mag dit Hom welgevallig wees!
- 21 Al wie die HEER se lof mishag, / laat hul soos stof voor wind vervaag!  
My siel, wat uitsing tot Gods eer – / sing onvermoeid, en loof die HEER!

Gebed

Psalm 143:7, 8, 9 (p. 689)

- 7 Laat by die eerste môreglore / u goedheid fluister in my ore!  
Op U vertrou ek, laat my tref / die veil'ge pad en regte spore,  
daar ek my siel tot U verhef!
- 1 Verlos my, HEER, van hinderlae; / en wil my leer u welbehae.  
Ek skuil by U, vat U my hand, / en laat u Gees in al my dae / my voortlei in 'n veil'ge land.
- 9 Laat hier u guns my nooit begewe; / skenk om U selfs wil my die lewe!  
En laat my siel weer wees verblyd, / van sy benoudheid wees onthewe.  
Ek pleit op u geregtigheid.

**Skriflesing:** 1 Johannes 1:8-2:6; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 1, Artikel 13

**Kernvers:** 1 Johannes 2:3-6

**En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy geboorie bewaar. Hy  
wat sê: Ek ken Hom, en sy geboorie nie bewaar nie, is 'n leuenaar en in  
hom is die waarheid nie. Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het  
die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in  
Hom is. Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel  
soos Hy gewandel het.**

(1 Johannes 2:3-6 AFR53)

**Dordtse Leerreëls**

**Hoofstuk 1, Artikel 13**

*Die kinders van God put uit hulle besef en sekerheid van hierdie uitverkiesing daagliks  
steeds meer rede om hulle voor God te verootmoedig, om die diepte van sy barmhartig-  
hede te eerbiedig, om hulleself te reinig en om Hom wat hulle eerste so uitnemend*

*liefgehad het ook van hulle kant vurig lief te hê. Dit is dan ook geheel en al onmoontlik dat hierdie leer van die uitverkiesing en die besinning daarvoor die kinders van God sou laat ophou om die geboorte van God te gehoorsaam of dat hulle onverskillig sou word deur 'n sondige lewe te lei. Deur die regverdige oordeel van God is dit juis die geval met hulle wat die genade van die uitverkiesing ligtelik vir hulleself toe-eien of ydelik en ligsinnig daarvoor praat, sonder dat hulle begeer om in die weë van die uitverkorenes te wandel.*

**Tema:** Wat met 'n gelowige gebeur wanneer hy seker is oor sy uitverkiesing

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, verlede Sondag het ons aan die hand van artikel 12 gehoor dat die uitverkorenes seker kan wees van hulle uitverkiesing. God self gee hierdie sekerheid aan sy gelowiges wanneer die Heilige Gees hulle met die Woord lei om die vrugte van die uitverkiesing in hulle eie lewens waar te neem. Die vrugte van die uitverkiesing is **ware geloof in Christus, die kinderlike vrees van God, die droefheid oor die sonde volgens die wil van God, die honger en dors na die geregtigheid**. In 2 Petrus 1 het ons die eenvoudige praktiese dinge gesien waarin die Heilige Gees ons lei om ons roeping en verkiesing vas te maak.

In artikel 13 gaan ons voort om te bely watter praktiese uitwerking hierdie sekerheid oor die uitverkiesing op 'n ware gelowige het. Die sekerheid oor 'n mens se uitverkiesing kan tog nie 'n doel op sigself wees nie. Wanneer 'n jongman en meisie met mekaar uitgaan, mekaar leer ken en uiteindelik lief raak vir mekaar, sê hulle ook mettertyd dat hulle lief is vir mekaar. Hulle verseker mekaar van hulle liefde. Maar hulle het tog nie met mekaar begin uitgaan en mekaar leer ken net om hier by die sekerheid oor die ander een se liefde te stop nie. Die sekerheid oor die ander een se liefde spoor 'n mens mos aan om die verhouding nog verder te laat groei na 'n permanente verhouding. Net so spoor die sekerheid oor 'n mens se uitverkiesing 'n mens aan om 'n mens se verhouding met die Here verder te neem. 'n Mens wil tog hierdie verhouding uitleef en ander moet kan sien dat jy in 'n verhouding met die Here lewe.

Afgesien daarvan dat die Remonstrante as gevolg van hulle dwaling oortuig was dat 'n mens nooit seker kan wees oor jou uitverkiesing nie (vgl. Dordtse Leerreëls VD1:7), was hulle ook uitgesproke teen hierdie sekerheid. Hulle was oortuig dat die sekerheid oor die uitverkiesing 'n mens sorgeloos en hoogmoedig sal maak. Hulle sê as 'n mens seker is dat jy vir ewig uitverkies is en nooit verlore sal raak nie, is daar vir die mens geen rede meer oor om 'n gehoorsame lewe te lei nie. Daarom sal mense lewe soos wat hulle wil en hulle nie meer steur aan die Woord van die Here nie, want hulle is mos nou eenmaal uitverkies en dit kan nie verander nie.

Hierdie argument van die Remonstrante stem nogal baie ooreen met die argument van die Roomse Kerk oor die goeie werke waarvan ons in die Heidelbergse Kategismus, Sondag 24 bely. Aangesien die mens se goeie werke nie sy verlossing kan bewerk of 'n deel daarvan kan wees nie, word daar in vraag 64 gevra: **Maak hierdie leer nie mense onverskillig en roekeloos nie?** Ons antwoord op hierdie vraag soos volg: **Nee, want dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie.**

Broers, susters en kinders, kom ons luister wat die Here self sê watter uitwerking sekerheid oor jou verlossing op jou lewe behoort te hê. Johannes het sy drie briewe aan gelowiges geskryf. Die algemene oortuiging by verklaarders is dat Johannes hierdie briewe aan die gemeente in Efese geskryf het en vandaar is dit na die ander ses kerke in Klein Asië gestuur. Dit is dieselfde sewe kerke waarvan ons in Openbaring 2 en 3 lees.

Uit die gedeelte wat ons vanaand gelees het, word dit duidelik dat niemand kan sê dat hulle geen sonde het of gedoen het nie. 'n Gelowige kind van God is in hierdie lewe nog nie volmaak en sondeloos nie, want hy het nog 'n sondige natuur waarteen hy stry. Sou dit gebeur dat 'n gelowige in die een of ander sonde val, is daar 'n pad om weer daaruit te kom. Die Heilige Gees lei 'n mens langs die weg van berou, belydenis en bekering terug na die Here toe. En in die Naam van Christus smeeek jy dan by die Vader om vergifnis.

En wat 'n heerlike troos het die gelowige dat God sy gebed om vergifnis sal aanhoor! Jesus Christus, die Regverdige, is die gelowige se Advokaat by die Vader. Op grond van sy volmaakte offer aan die kruis pleit Jesus by die Vader vir die gelowige. En die Vader verhoor elke gebed van sy Seun ter wille van die gelowiges.

Maar om so in die Naam van Jesus Christus tot God te nader in gebed, moet 'n mens Hom vertrou. En 'n mens kan die Here alleenlik vertrou as jy Hom werklik ken. Ken beteken nie dat ek net iets van die Here weet nie. As 'n mens die Here ken, is Hy nie maar net 'n kennis van 'n mens nie. Daar is mos mense by die werk of skool wat maar net ons kennis is. Ons weet wat hulle name is en watter werk hulle doen of in watter klas hulle is, maar verder weet ons niks van hulle nie. As 'n mens net van die Here weet, maak dit van jou nie 'n Christen nie.

Eers wanneer 'n mens God leer ken soos wat Jesus Hom aan ons openbaar en 'n mens glo in die Here, kan jy sê dat jy Hom werklik ken. Jesus openbaar aan ons dat God die regverdige en heilige God is. Hy verdra geen sonde voor Hom nie. En die sonde wat daar wel in die wêreld is, gaan Hy regverdig oordeel en straf, want dit is die enigste manier om van sonde ontslae te raak. Van nature is ons in sonde en ontvang en gebore. Ons kan niks goeds doen nie. Daarom kan 'n mens nie eers daaraan dink om sonder Christus in die teenwoordigheid van God te kom nie. Hy sal die sondaar nie voor sy oë kan laat bly lewe nie, maar tog wil God nie die hele mensdom veroordeel nie. Daarom het Jesus Christus – die ewige Seun van God – mens geword. Hy het die sondes van die uitverkorenes op Homself geneem om in hulle plek die allerswaarste en regverdige straf van God op die sonde te dra.

Wie God en Jesus Christus so ken en deur die werking van die Heilige Gees die vaste vertrou het dat Jesus Homself aan die kruis ook vir hom geoffer het, kan hy homself 'n Christen noem. So mens weet dat hy self niks kon doen om die skuld van die sonde weg te neem nie. Maar met sy hele hart glo Hy dat Jesus Christus al sy skuld by die Vader ten volle vereffen het. Daarom kan en sal hy in die Naam van Christus tot God nader wanneer hy om vergifnis smeeek vir sy sondes. Ter wille van Christus kan God en wil God sy kinders se sondes vergewe.

Om die Here te ken is die fondament van Christen wees. Hierdie sekerheid dat jy die Here ken, gee dryfkrag aan 'n mens se lewe. Die jongman wat seker is dat die meisie hom regtig liefhet, sal alles in sy vermoë doen om haar liefde werd te wees. Waartoe dryf die sekerheid oor die uitverkiesing die kind van God?

**En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooi bewaar.**

(1 Johannes 2:3 AFR53)

Hier moet 'n mens versigtig wees om nie die volgorde om te keer nie. Die mens word nie gered omdat hy die gebooi van die Here gehoorsaam nie. 'n Mens word slegs deur die geloof in Christus verlos, maar egte geloof mond noodwendig uit in 'n lewe van gehoorsaamheid aan die Here Jesus. Ware kennis van Jesus Christus en van God die Vader verander 'n mens se hart en lewe. Die woorde wat 'n mens bely: Ek glo dat Jesus my Here is, is waarheid wanneer dit praktyk word in 'n mens se lewe.

Johannes het sekerlik Jesus se woorde onthou toe hy neergeskryf het wat ons in ons kernverse lees. In Johannes 14 en 15 lees ons wat Jesus vir sy dissipels gesê het. Hy het gesê dat as hulle Hom liefhet, hulle sy gebooie sal hou. As grysaard skryf Johannes hierdie brief en hy kon nog helder onthou wat Jesus geleer het. Jesus se woorde is in sy hart en gewete ingebrand sodat sy hele lewe daardeur gevorm is.

Wie Jesus dus ken, drink die woorde van Jesus in en dit word die dryfveer van sy lewe. Hy gehoorsaam die Here se Woord. Dit is immers wat Jesus hier op die aarde gedoen het. Hy het nie sy eie wil kom doen nie, maar die wil van sy Vader. Sy Vader se woorde was die dryfveer vir sy lewe as Verlosser op aarde. Omdat Hy sy Vader ken, het Jesus sy Vader se wil uitgevoer en so in sy Vader se liefde gebly. Die gelowige wat dan die Here se wil uitvoer, sal op 'n besondere wyse die Here se liefde vir hom beleef, want dit is in gehoorsaamheid aan die Here dat 'n mens in die liefde van die Here bly. Die Here skenk sy seën van genade en van die werking van die Gees aan hulle wat Hom gehoorsaam. So betoon die Here sy liefde aan die uitverkorenes.

Johannes maak ook hier die verbintenis tussen gehoorsaamheid aan die Here en die liefde van die Here wanneer hy sê:

**Elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword.** (1 Johannes 2:5a AFR53)

In vers 5 beweeg Johannes van *ken van die Here na liefde vir die Here* en van *bewaring van sy gebooie na bewaring van sy Woord*. Die mens wat werklik die Here ken, onderwerp homself dus aan die hele Woord van die Here. Die sekerheid oor die uitverkiesing veroorsaak immers dat die uitverkorene homself voor die Here verootmoedig. So 'n mens besef sy eie kleinheid voor die Here in sy heerlijkheid. En daar is geen manier waarop hy homself wil verhef teenoor Here nie. Hy wil nie meer maak soos wat hy wil nie, want hy weet dat hy nie beter as die Here weet nie.

Juis die genade wat die Here in Christus aan hom bewys het, laat hom besef hoe uitermate baie liefde God aan hom bewys het. Dit is 'n liefde wat sy hart oorstroom, want God se liefde vir hom was nie die liefde wat ons normaalweg aan 'n vriend sal betoon nie. God se liefde vir hom was die liefde vir 'n vyand wat aanvanklik niks van die Here geweet het of wou weet nie.

Hierdie liefde wat God in Christus vir sondaars het, is soos 'n verterende vuur. Koue en dooie sondaarsharte word daardeur aan die brand gestee sodat die vurige liefde vir God daarin ontvlam. As die sondaar deur die werking van die Gees Christus se groot liefde vir hom raaksien, word sy hart met liefde vervul. God se liefde vir mense wat aanvanklik sy vyande was ontsteek vurige liefde vir God wat nie geblus kan word nie. Dikwels kan 'n mens dink dat al daardie liefde weg is. Veral wanneer 'n mens weer 'n gruwelike sonde gedoen het, kan jy dink dat daardie liefde vir God net verbeelding was. Maar wat deur die Here aan die brand gestee is, kan nie deur die sondige natuur, die wêreld of die Satan uitgeblus word nie. Van hierdie heerlike troos sal ons nog hoor wanneer ons by hoofstuk 5 van ons Dordtse Leerreëls kom.

Maar hoe kom 'n mens agter dat die liefde van God in 'n gelowige volmaak geword het? Johannes sê dit in vers 6:

**Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het.** (1 Johannes 2:6 AFR53)

Die Heilige Gees leer deur die Woord die maniere van Jesus Christus vir die gelowige aan. Deur voortdurende ootmoed voor die Here en verdieping in die Woord van die Here

maak die Heilige Gees 'n gelowige gelykvormig aan die beeld van Christus. En onder hierdie heerskappy van die Heilige Gees wil die gelowige nie anders nie as om Jesus se optrede na te doen. Jesus het immers sy Vader volmaak verheerlik deur sy Vader se wil vir Hom voluit uit te voer. As verlore kind van die Here wil die gelowige sy Vader in die hemel en Christus sy Verlosser met sy hele lewe verheerlik. Daarom put hy groot vreugde daaruit om Jesus se voetspore te volg. Soos wat Christus liefhet, wil hy ook liefhê. Soos wat Christus barmhartig is, wil hy ook barmhartig wees. Die gelowige wat oortuig is van sy uitverkiesing wil nie anders lyk en doen as sy Verlosser en Here nie. Want juis deur sy nadoen van sy Verlosser verheerlik hy Hom en die Vader.

**Daarom bely ons: *Die kinders van God put uit hulle besef en sekerheid van hierdie uitverkiesing daagliks steeds meer rede om hulle voor God te verootmoedig, om die diepte van sy barmhartighede te eerbiedig, om hulleself te reinig en om Hom wat hulle eerste so uitnemend liefgehad het ook van hulle kant vurig lief te hê. Dit is dan ook geheel en al onmoontlik dat hierdie leer van die uitverkiesing en die besinning daarvoor die kinders van God sou laat ophou om die gebooie van God te gehoorsaam of dat hulle onverskillig sou word deur 'n sondige lewe te lei.***

Die mens wat egter sê dat hy die Here ken, maar nie sy gebooie bewaar nie – is 'n leuenaar. Johannes draai geen doekies om nie. En hy stel dit nie op 'n sagter, meer aanvaarbare manier nie. Hy praat reguit. Iemand wat beweer dat hy deur Christus verlos is omdat hy eens op 'n tyd sy geloof in die Here bely het, maar hy verwerdig hom nie verder om die Bybel te lees nie en doen ook nie meer wat die Here daarin leer nie – is besig om vir homself, vir die wêreld en vir die Here te lieg.

Om weer die beeld van die jongman en die meisie te gebruik. Die meisie het die jongman verseker dat sy hom liefhet, maar in plaas daarvan dat hy deur hierdie sekerheid aangespoor word om hulle verhouding permanent te maak, begin hy al minder by haar kuier of begin selfs met ander meisies uitgaan. Almal sal saamstem dat hierdie jongman nooit die meisie liefgehad het nie. En indien hy haar met soveel woorde verseker het dat hy haar liefhet, sal almal hom as 'n leuenaar bestempel.

Die ware kind van God sal nie anders kan of wil as om sy verhouding met die Here nog meer te verinnig en te verdiep nie. En die wyse waarop hy dit gaan doen, is om Jesus in sy voetspore te volg. Hy wil in die geselskap van Jesus verkeer – sy Woord lees en indrink – sodat die Gees hom nog meer kan omvorm tot die beeld van sy Verlosser.

Die mens wat werklik deur die Heilige Gees in Christus ingelyf is met die ware geloof, sal nie sonder vrugte van die ware geloof wees nie. Die vrug van die Gees sal in sy lewe sigbaar wees. Net soos die lewe wat deur die wingerdstok vloei die lote in staat stel om vrugte te dra en die vrugte getuig van die lewe in die lote, so is dit ook met die gelowige wat weet dat hy deur Christus verlos is. Hy sal homself beywer om die Here te verheerlik deur die vrugte te dra wat pas by die lewe wat die Gees in hom vestig.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 119:39, 48 (p. 594)

39 HEER, u woord is my 'n fakkel / wat sy ligglans voor my dra,  
voor my voet die duisternisse / van my lewenspad verja.  
'k Het gesweer, deur u ontferming / dit bevestig, dat ek my,  
van 'n wêreldnag omgewe, / deur die ligglans wil laat lei.

48 Dis 'n lig wat klare kennis / aan eenvoudiges ontdek;  
dis die asem van die lewe / wat ek diep na binne trek.  
Wend U dan nie weg van my nie, / wees my gunstig na die reg  
wat in u verbondsgeheim'nis / aan u volk is toegeseg.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap  
van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
23 Augustus 2015